Solidariteit voeg sy stem by hofgeding oor taalwet

Philip de Bruin

Die geding oor 'n nasionale taalwet wat vandag in die hooggeregshof in Pretoria begin, het 'n wending geneem toe die vakbond Solidariteit sy steun aan die eiser vir so 'n wet toegesê het.

Die eiser in die saak is mnr. Cerneels Lourens, 'n prokureur van Brits en stigterslid van die organisasie Regslui vir Afrikaans.

Mnr. Flip Buys, uitvoerende hoof van Solidariteit, sê hulle beskou die geding as 'n "waterskeidingsaak" oor die regering se plig om ingevolge art. 6(4) van die Grondwet taalwetgewing te aanvaar.

"Daarom sal Solidariteit die regskoste van die senior advokate (vir Lourens) in die geding dra.

"Ons beskou hierdie saak as een van die belangrikste sake nog in Suid-Afrika oor die regte van die land se tale.

"Solidariteit glo dat alle Suid-Afrikaners wat 'n ander taal as Engels as moedertaal het 'n reg het op dienste in hul eie taal. Die saak is belangrik vir die beskerming van inheemse tale, soos Afrikaans."

Lourens voer aan dat die regering 'n grondwetlike plig het om 'n wet te aanvaar wat verseker dat alle landstale billik hanteer word.

Die regering voer op sy beurt aan dat Afrikaans inderdaad op verskeie maniere gehelp word, dat Engels homself tot 'n hoër posisie as die ander landstale bevorder het en dat 'n wet nie nodig is om taalregte te beskerm nie.

Die uitspraak sal waarskynlik vandag voorbehou word.